Paasfees as die begin van nuwe lewe

Teks: Eksodus 12: 1 - 28
Teksvers: Eksodus 12: 2

1. Inleiding

Geliefdes ons het verlede week die voorreg gehad om paasnaweek hier in die kerk te gedenk tydens ons spesiale goeie Vrydag, en opstandingsondag eredienste. En in hierdie paasnaweek vieringe is ons nie alleen nie. Die sekulêre wêreld gedenk ook paasfees, grootliks as gevolg van ’n reeks vakansie dae wat dan ’n langnaweek vorm. En dit is hierin wat die eerste uniekheid van paasnaweek aan ons geopenbaar word. Waar ander vakansie dae aan spesifieke datums gekoppel word, sien ons dat paasnaweek ’n beweegbare vakansie naweek is.

Tog moet daar ’n manier wees waarop die datum van paasnaweek bepaal word, anders sou alles tog net in chaos ontaard. En dit bring ons dan vanoggend by ons teksgedeelte uit Eksodus 12. Want alhoewel die Sinode van Nicea ’n invloed op die datum bepaling gehad het, is dit die Here wat die datum bepaal. Hy maak die pasga vas in die opdragte wat ons sien in Eksodus 12. En met hierdie vasmaak van die pasga openbaar die Vader aan ons verskeie ander sake.

Maar dan is die nie by Moses en Aäron se geslag wat die opdrag stop nie. Dit moet duidelik oorgedra word aan generasie na generasie. Maar in die genade van die Here gaan dit ook nog verder as die Israeliete. Dit gaan verder as die Ou Testament. Deur Christus gaan dit dan ook nog verder in die nuwe testament, ja selfs tot en met vandag. En daarom is dit nodig dat ons vanoggend stil word, voor die spesifieke datum aspek van die Pasga. Want ’n datum beteken baie selfs een wat voortdurend aan die rondskuif is.

2. Die begin van die jaar

Die belangrike saak in ons teksvers is die opdrag van die Here aan die volk dat dit vir hulle die eerste dag van hulle jaar moet wees. Met ander woorde die kalender van die Israeliete moet op begin op die paasfees, volgens ons teksvers. Op die moderne oor val hierdie opdrag van die Here miskien vreemd. Ons is al soveel jare vasgevang in die Gregoriaanse kalender dat so opdrag vir ons onmoontlik klink. Maar die rondskywende aard van paasfees bewys eintlik aan ons hoe gebrekkig ons vermoë aan datum en tydsbepaling steeds vandag is. Want dit impliseer tog maar dat ons nie presies weet wanneer Christus gekruisig is nie.

Maar terug by die opdrag oor die begin van die jaar op paasfees. Ons moet onthou dat die Here begin om ’n eie volk vir Hom hier bymekaar te maak. Ons weet die plae openbaar die onvermoë van die Egiptiese afgode. Maar ons weet ook voortaan sou die Here vir die Israeliete bepalings en opdragte gee, saam met grondgebied en ’n nageslag. Maar wat hierdie opdrag oor die kalender van hierdie mense in besonder openbaar, is hoe fyn die Here betrokke wil wees, maar ook betrokkenheid eis van Sy mense.

Verbeel u die kerk bring vandag ’n alternatiewe kalendar uit en verwag van alle lidmate om hulle lewens volgens dit te leef. Ek dink nie ons sal baie sukses hê nie. Tog kry Moses en Aäron die opdrag om presies dit te gaan doen. Die kerk en aanbidding is dan ook sommer dadelik vas aan hierdie Kalender. Die bepalings van die paasfees en die fees van die ongesuurde brode, word onmiddelik in ons teksgdeelte gekoppel aan hierdie nuwe Kalender. En dit word nie net vir die Israeliete daaraan gekoppel nie, maar ook vir hulle nageslag. Uiteindelik sal die sterwe en opstanding van Christus ook aan hierdie kalender gekoppel word. Dit sal gebeur selfs al gaan die owerpriesters en skrifgeleerdes uit hulle pad om dit nie te laat gebeur nie in Mattheus 26 en Markus 14.

3. Die Verlossing is die begin

Maar ’n fees of publieke vakansie dag is gewoonlik ter herdenking van iets besonders wat gebeur het in die geskiedenis. Ook met paasfees is dit nie anders nie. Soos ons reeds gesê het, vind hierdie instelling van die Here plaas net voor die tiende plaag. Maar ons weet die uittog uit Egipte volg direk na die 10de plaag. En daarom is die Paasfees ten

diepste, ’n fees ter herrinering aan die uittog uit Egipte. Vers 11 openbaar hierdie besondere karakter aan ons: “11Julle moet dit haastig eet, aangetrek vir die reis, skoene aan die voete en kierie in die hand. Dit is die paasfees van die Here.”

Wanneer ons egter na die woord wat Paasfees beteken in die grondteks kyk dan sien ons Pasga soos dit amper letterlik getranskribeer kan word, hou die betekenis van oorslaan in. Dit beteken ten diepste dat ’n vernietigende krag, jou oorslaan en die volgende persoon na jou tref. Ten diepste is dit ook wat gebeur met die eersgebornes agter die bloedbesmeerde kosyne in ons teksgedeelte. Op daardie verskriklike nag wanneer die toorn van die Here as ’n ware tasbaar deur Egipte beweeg, sien ons in vers 11 die volgende: waar Ek die bloed sien, sal Ek die huis oorslaan, en die vernietigende slag waarmee Ek Egipte gaan tref, sal julle nie tref nie.

Natuurlik is dit eintlik ’n heenwysing na die Messiah. Ons Here Jesus Christus stort Sy bloed aan die kruis dat die toorn van die Here teen die sonde ons kan oorslaan. Dit is presies wat Christus ook openbaar wanneer Hy die nagmaal instel terwyl Hy die paasfees saam met Sy dissipels gebruik.

Om terug te keer na die datum. Die eerste maand is die belangrikste maand vir Israel, want dit is wanneer hulle verlos is uit Egipte. Vandag nog is die eerste dag van die week, Sondag vir ons die belangrikste dag van die week. Want in die sterwe meer veral die opstanding van Christus op Sondag is ons verlos. Dit wat dus ten diepste gedenk of herdenk word is die Verlossing wat van God af kom.

4. Begin impliseer verder gaan.

Soos ons egter reeds in die vorige punt beklemtoon het, het die paasfees wat ingestel word in Eksodus 12 ’n sterk ingestelheid op beweging. Letterlik moet die Israeliete uittrek weg uit Egipte uit. Die Here bewerk hierdie verlossing, deur die Farao en sy magte te verslaan. Uiteindelik verdrink hullle in die rooi see. En hierin die belangrike openbaring ook aan ons vandag. Ons moenie vashak by monumente in die verlede nie. Die lewe gaan aan, maar belangriker die weg van die Here waarop ons voort beweeg gaan aan.

En dit is hoekom hierdie preek so gepas is vandag ’n week na ons opstandigsondag gedenk het. Ons moet aangaan. Want paasfees is die fees van ’n nuwe begin. Uiteindelik is dit ook wat ons gedenk in die verlossing in ons Here Jesus Christus. Dit is ’n nuwe begin. Die nuwe begin, waarin ons skoon gewas is, van ons sondes en waar ons kan begin om tot eer van die Here te leef. Maar dit beteken ons moet in dankbaarheid vorentoe beweeg. Soos wat die Israeliete moes uittrek uit Egipte letterlik en fisies.

Miskien is dit die ongemaklike punt van selfondersoek vandag. Wanneer ek terug kyk na die dag van my geloofbelydenis hier in die kerk van die Here. Het ek voorentoe beweeg op my geloofspad van daar af? Of het ek stelselmatig meer en meer weggedryf van die Here en geloof af. Gebruik ek nog die versterking in hierdie geleenthede van opstandingsondag en nagmaal om voorentoe te gaan in die geloof.

Dikwels verlang ons terug na Egipte, ’n lewe ver van die Here af. Ons dryf weg van die Here omdat ons heeltemal stagneer. Tog kan laasnaweek ook vir u en my daardie nuwe begin wees. Daardie opnuut besef dat ek Verlos in die volmaakte offer wat Christus gebring het. Self vanoggend kan ’n nuwe begin vir geloofsywer wees.

5. Slot

Ons kan vandag se preek afsluit met ’n kort oorsig oor die geskiedenis van paasfees vanaf die tyd van ons teksgedeelte tot vandag. Die paasfees wat in ons teksgedeelte ingestel is, is deur die Israeliete met wisselende getrouheid deur die jare onderhou. Ons sien dan uiteindelik dat Ons Here Jesus Christus juis in Mattheus 26, Markus 13, Lukas 22 ens besig is om hierdie paasfees te gedenk wanneer Hy ook die nagmaal instel. Daarvandaan natuurlik die gebruik deur sommige kerk om Nagmaal op die donderdagaand voor die paasnaweek te hou. Dan word Christus as die volmaakte paaslam op Goeie vrydag gekruisig, en dan staan Christus op opstandingsondag op. Nou is dit waarheen die paasfees in die ou testament verwys het, vervul in Christus. Ons weet voortaan sal die kerk dan op Sondag soos vandag vergarder.

Maar wat dat van Paasfees verder? Die nuwe testamentiese kerk het onder leiding van die Apostels en toe ook die kerkvaders voortgegaan om paasfees te vier, maar nou

was dit nie meer die Ou Testamentiese Pasga nie, maar die nuwe testamentiese herdenking van die kruisdood en Opstanding van Christus. Vir die datum was dit aanvanklik maklik. Die Apostels en baie mense in die vroeë kerk was Jode, daarom het hulle sommer in die kerk die datum verskaf waarop die Ou Testament se paasfees in elkgeval sou gehou word.

Maar namate die Jode in die kerk minder geword, het die al hoe moeiliker geword om ooreen te kom oor ‘n datum. Daar was selfs baie mense in die kerk wat nie meer die Jode vertrou het vir die korrekte weergee van die datum nie. Uiteindelik kom ons dan by die Sinode van Nicea in 325 n.C. op hierdie sinode word verskeie gemeenskaplike sake in die kerk vasgemaak. Een so ’n saak is byvoorbeeld die belydenis wat ons vanoggend gebruik het.

Een van die ander is dan die bepaling van die Paasfees datum deur die kerk self. Uiteindelik is bepaal dat die kerk paasnaweek bepaal deur na die lente maanewening te kyk. Die eerste volmaan na die lentemaanewening sou dan paasfees wees. Daarby het Christus natuurlik op Sondag opgestaan. So voortaan sou paasnaweek bereken word as die eerste sondag, na die eerste volmaan na lente maanewening in die noordelike halfrond, wat natuurlik die herf maanewenig in die suidelike halfrond is. Dit is dan presies hoe paasnaweek vandag nog uitgewerk word. Die enigste verskil is dat verskillende kalenders deur die westelike kerk en oostelike kerk gebruik word.

Maar uiteindelik getuig die datum van Paasnaweek van die datum amper 2000 jaar gelede toe alles vir die uitverkiesde mense van die Here eers werklik begin het. Kom ons gaan maak weer hierdie begin die moeite werd vandag.

Amen